VLEESBAAI DIENSTE NPC

***VLEESBAAI NEWSLETTER* / VLEESBAAI NUUSBRIEF**

***March 2018* / Maart 2018**

Welkom by die jongste nuusbrief van Vleesbaai Dienste NPC. ***It is a newsletter by the people of Vleesbaai for the people of Vleesbaai. Please enjoy the latest news about our special village.***

DIE AFGELOPE VAKANSIESEISOEN / *THE PAST HOLIDAY SEASON*

Soos gewoonlik het Vleesbaaiers die afgelope vakansieseisoen van heinde en ver gekom om hul verdiende jaarlikse vakansie op Vleesbaai te kom geniet. Vleesbaai in Desember en Januarie het ‘n besondere en sprankelende vakansie-atmosfeer met families en vriende wat mekaar weer opsoek en hegte bande hernu. Braaivleisvure is saans vroeg aangesteek en Gallie Meyerlaan was saans nogal ‘n gesig om te sien met al die vure op straat so te sê teen die see waar braaiers kuier-kuier kos vir die honger hordes voorberei het. Die hele vakansieseisoen het vreedsaam verloop met geen insidente wat noemenswaardige kommer veroorsaak het nie. ‘n Spesiale woord van dank aan al ons bedagsame vakansiegangers. Dank ook aan die Stranddiensspan wat ‘n interessante program aangebied het waaraan die jongspan met entoesiasme deelgeneem het.

Although wind was an issue sometimes, there were enough days with perfect weather to thorougly enjoy the beach and sea at Middle and Tarka beaches. With the lifesavers on their high chairs on duty, the safety of swimmers were well looked after. Many families with small children visited and enjoyed the safe environment of the tidal pool with its beautiful green lawns. The two photos below are testimony to how holiday-makers enjoyed the sea on a beautiful sun-filled day.

‘n Fasiliteit waarvoor daar al vir baie jare by vakansiegangers en inwoners ‘n behoefte bestaan het, is die strandtoilette in die parkeerterrein bokant Mullerlaan. Die netjiese gebou wat gedurende vakansietye deurentyd beman en gediens word, is ‘n groot aanwins vir Vleesbaai. Dit is die tweede jaar dat die fasiliteit beskikbaar is en die afgelope vakansie het sowat 387 persone daarvan gebruik gemaak. Dit bevestig die behoefte daaraan en Vleesbaai Dienste (VD) bedank Vleesbaai Aandeleblok weereens vir die grond wat daarvoor beskikbaar gemaak is.

UIT DIE GESKIEDENIS ***/ OUR HISTORY***

Die foto langsaan uit ons argiewe wys 'n somer-vakansie in Vleesbaai rondom die jaar 2010. Dit is interessant om al die veranderinge te sien wat sedertdien in die omgewing van die strandfront plaasgevind het.

(TIP: To see the photo in more detail, click on the zoom function of your Adobe Acrobat Reader program and change it to 200% or more.)

So byvoorbeeld het die bekende boom teen die strandmuur aan die begin van Gallie Meyer nog bestaan. Dit het toe al skuins gestaan as gevolg van die ondergrond wat deur golwe uitgekalwe is. Jaar of wat later moes dit verwyder word omdat dit 'n gevaar begin inhou het. 'n Ander waarneming wat gemaak kan word, is dat die plankpad in die Hoekie op daardie stadium baie langer was. Dit het verder om die draai tot by die eerste huise in Gallie Meyerlaan gestrek – 'n deel wat vandag nie meer bestaan nie. Die plankpad het so sinoniem met Vleesbaai geword dat ons stranddorp beswaarlik daarsonder gedink kan word. Dit het 'n interessante geskiedenis. Reeds in 1988 is samesprekings met die destydse Departement van Publieke Werke van die Kaapse Provinsiale Administrasie gevoer vir die bou van die plankpad as 'n voorwaarde vir die ontwikkelling van Hoekbaai as 'n nuwe uitbreiding van Vleesbaai. Dit was nodig om te voorkom dat Hoekbaaiers oor die grondgebied van die ander entiteite moet loop om by die see uit te kom. Die plankpad is ongeveer 1990 gebou en was aanvanklik veel langer tot feitlik by Middelstrand. Deur die jare het storms baie skade aan die plankpad veroorsaak en moes die deel langs Gallie Meyerlaan afgebreek word. Vandag nog is oorblyfsels van die stutte sigbaar. Die groot probleem met die plankpad was dat dit nie ontwerp was om storms te weerstaan nie, veral dié dele wat teenaan die strandmuur gebou is. Reuse branders wat onderdeur die plankpad teen die strandmuur vasspoel, slaan op teen die vloer van die plankpad wat dan die hele konstruksie oplig met groot skade as die resultaat. So is die plankpad weer onlangs beskadig, maar dit kon betyds vir die 2017 vakansieseisoen herstel word. Dit is egter duidelik dat die plankpad op die langduur behoorlike aandag moet kry met gespeslialiseerde ingenieursinsette.

ANNUAL MEETINGS **/ JAARVERGADERINGS**

Apart from holidaying, December is also the month of AGMs and board meetings for all the entities involved in Vleesbaai. The AGMs and board meetings of VD were held on the 18th of December 2017 and the 2nd of January 2018. The purpose of these meetings is primarily to execute its main resonsibility of providing services to all Vleesbaai residents at an exceptable service level. The following were some of the important issues that the Board of Directors had to deal with:

- **REHABILITASIE EN OPGRADERING VAN DIE INFRASTRUKTUUR OP DIE STRAND:** Die periodieke erosieskade as gevolg van hoë seedeinings oor die jare heen veroorsaak dat die infrastruktuur op die strand dringend aandag nodig het. Die eerste deel hiervan is die rioollyn op die strand wat met die groot storm van September 2008 oopgespoel en beskadig is. Sedertdien kon daar nog nooit toestemming van die Departement van Omgewingsake verkry word om die rioollyn behoorlik te rehabiliteer nie. Dit is wel tydelik beskerm met houtbekisting. Die tweede deel is die strandmuur langs Gallie Meyerlaan wat besig is om op plekke gevaarlik te erodeer. VD het reeds 'n kusingenieursfirma aangestel om verslag te doen oor die toestand van die strandmuur en oor voorstelle hoe om dit te beveilig en te versterk. Die derde deel is die herbou van die plankpad in die Hoekie volgens 'n behoorlike ingenieursontwerp en

bouspesifikasies. Vir aldrie hierdie sake het VD omgewingskonsultant aangestel om saam met ons eie afgevaardigdes onderhandelinge te voer met die Wes-Kaapse Departemente van Omgewingsake en Publieke Werke. Die onderhandelinge is ingewikkeld, omvattend, dikwels moeilik en vorder stadig.

- **FINANSIES VAN VLEESBAAI DIENSTE:** Ons is seker dat daar van tyd tot tyd vrae ontstaan oor die hantering van VD se finansies. Hierdie artikel is ter inligting oor die hantering van VD se finansies.

  Gedurende 2013/2014 is besluit om VD se finansies in ooreenstemming met die volgende **beginsels** te bestuur:

  (a) Gesonde en aanvaarde finansiële en korporatiewe praktyk en beginsels;
  (b) Totale deursigtigheid;
  (c) Daar sal geen kruis-subsidiëring tussen water en elektrisiteit tariewe en VD heffings plaasvind nie. Dit behels dat die tariewe betaal deur Vleesbaaiers vir water en elektrisiteit bereken sal word op 'n nul wins basis. Met ander woorde, u betaal vir water en elektrisiteit 'n tarief bereken op VD se kosprys. In die geval van elektrisiteit, betaal u die NERSA bepaalde tarief, wat in 'n mate voorsiening maak vir die instandhoudingskoste verbonde aan die elektrisiteit infrastruktuur in Vleesbaai;
  (d) 'n Gebeurlikheidsreserwefonds is geskep met 'n aanvanklike kapitaalwaarde van R2,5 miljoen, welke waarde onderhewig is aan jaarlike hersiening en aansuiwering.

  In die implementering van die bogemelde beginsels, is die finansies van VD in die sorg geplaas van ervare finansiële deskundiges en die infrastruktuur in die hande van 'n ervare ingenieur. Die resultate hiervan is merkbaar in die rehabilitasie en huidige stand van Vleesbaai se infrastruktuur en finansies. In die implementering daarvan is daar gefokus eerstens op die rehabilitasie van VD se finansies, tweedens die rehabilitasie van Vleesbaai se infrastruktuur en derdens op die estetika in Vleesbaai.

  VD se **begrotingsproses** verloop as volg:

  (i) Die opstel van 'n begroting begin reeds in Januarie/Februarie elke jaar en die eerste fase duur tot Julie van elke jaar. Tydens hierdie fase word die behoeftes van elke afdeling/funksie van VD vasgestel en bespreek in die Dagbestuur;
  (ii) Teen die middel van Julie word 'n konsep begroting aan die Dagbestuur beskikbaar gestel vir kommentaar en bespreking;
  (iii) Teen die einde van Augustus word die konsep begroting aan die Direksie beskikbaar gestel vir bespreking en insette,
  (iv) Teen die middel van September word die Direksie versoek om te stem vir die goedkeuring van die begroting;
  (v) VD se bestuursmodel bepaal dat 25 Oktober die finale sperdatum vir die goedkeuring van begrotings is.

  Vanaf die beskikbaarstelling van die konsep begroting aan die Direksie, het enige heffingbetaler in Vleesbaai toegang tot die begroting en is elke heffingbetaler geregtig om insette te lewer deur 'n direkteur van VD. Na die goedkeuring van die begroting, word VD se finansies streng in ooreenstemming met die goedgekeurde begroting bestuur. Omrede Vleesbaai se infrastruktuur verouderd is, duik daar telkens onvoorsiene uitgawes op, soos byvoorbeeld die vervanging van 'n elektriese mini-substasie verlede jaar teen 'n koste van bykans R600 000. Verder blyk dit dat die oorspronklike installasie van die elektrisiteitsnetwerk, en in sommige gevalle die rioolnetwerk en waternetwerk, plaasgevind het op 'n lukrake wyse sonder inagneming van toekomstige bouwerk. As gevolg hiervan gebeur dit dat van hierdie infrastruktuur soms verskuif en weer gekarteer moet word. So het dit byvoorbeeld onlangs aan die lig gekom dat 'n elektrisiteitskabel dwars oor ten minste drie erwe in VAB gelê is. Hierdie hoogspanningskabel moet verskuif word, teen 'n koste van meer as R200 000.

  VD verwelkom enige navrae oor die hantering van die finansies.

- ***DRONES:*** *It is the second year that drones have made its appearance at Vleesbaai during the holidays, often to the irritation of many. The problem is that operators fly their drones so close to people and their homes that it results in the unacceptable and dangerous intrusion of privacy. Drones are regulated by the*

South African Civil Aviation Authority (SACAA) and its regulations for flying drones can be viewed at http://www.caa.co.za/Pages/RPAS/Remotely%20Piloted%20Aircraft%20Systems.aspx. The dangers of negligent operation of drones include the following: collision with other aircraft, with possible fatal results; injury to the public or private persons within their private property; damage to people's property; and legal liability for breaking laws such as privacy by-laws and other laws enforceable by other authorities/regulators. The SACAA regulations explicitly specify, inter alia, the following:

- *DO NOT fly a drone closer than 50 meters from any person, group of persons or any property.*
- *DO NOT fly a drone higher than 150 ft from the ground.*
- *DO NOT fly a drone without a visual line of sight at any time.*

Operators are urgently requested to refrain from flying drones in a manner that results in unacceptable intrusions of privacy and danger to persons and properties.

- ***DUMPING SITE ON THE FARM MISGUNT:*** *As previously reported, Vleesbaai Dienste has an agreement with Mr Riekie van Rensburg to make a site on his farm Misgunt available to Vleesbaai residents for dumping garden refuse (plant/organic material) only. Unfortunately this condition hasn't been honoured lately. It is disappointing to see plastic material and building rubble being dumped at the site. It also has a serious consequence in that some of the farm's livestock has eaten plastic material and died as a result of it. It is unacceptable and if it is not stopped Mr Van Rensburg will have no other option than to end said agreement. The result of this will obviously inconvene the whole of the Vleesbaai community who will then have to find somewhere else to dump their garden refuse.* ***An urgent request is once again made to all Vleesbaai residents to only dump garden refuse (plant/organic material) at all times and not to dump plastic material and building rubble at the dumping site under any circumstances.***

- **DAKREËNWATER IN DIE RIOOLSTELSEL:** Die Direksie het verneem dat die groot rioolput onder langs die strand ongewoon voller word tydens reënbuie in Vleesbaai. Dit laat 'n sterk vermoede ontstaan dat van die woonhuise se dakreënwater in die rioolstelsel beland. Die uiteinde hiervan is dat die rioolput meer dikwels leeg gepomp moet word wat op sy beurt weer veroorsaak dat die laaste oksidasiedam op die rioolplaas oofloop. Die Bedryfsbestuurder en besture van die entiteite is versoek om by alle huise ondersoek in te stel na dakreënwater wat in die rioolstelsel gekanaliseer word en stappe neem om dit te voorkom.

- **DIE RIOOLDAMME:** Ten einde te verseker dat Vleesbaai se riooldamme op die plaas Misgunt aan die nodige standaarde voldoen, het Vleesbaai Dienste 'n rioolkonsultant in die persoon van Dr WR Ross aangestel om die rioolwerke te evalueer. Dr Ross het sekere verbeterings aan die riooldamme aanbeveel wat nou afgehandel is.

Daar is vier damme met 'n sterk geseëlde plastieklaag op die bodem om te keer dat water nie in die grond inloop nie. In die ooreenkoms met Mnr Riekie van Rensburg maak die geregistreerde serwituut voorsiening vir 'n spaar area waarop nog twee damme gebou kan word vir toekomstige groei in behuising. Die rioolwater waarvan die soliede materiaal reeds verwyder is in die septiese tenke by elke huis, vloei deur die vier damme om oksidasie toe te laat. By die laaste dam word die water elke drie maande getoets en die toetsresultate bewys dat die water geskik is vir besproeiïng en selfs vir dieregebruik.

Daar is nog ‘n dam geskraap om enige water wat by die vierde dam oorloop, op te vang. Hierdie dam het nie ‘n bodemmembraan nie sodat die water in die grond kan wegsak. Hierdie dam is ook buitekant die serwituutgebied, maar daar is met Mnr Riekie van Rensburg skriftelik ooreengekom dat in ruil vir die gebruiksreg van sy grond, kan hy die water gebruik vir besproeiïng. Die dam is met ‘n stewige damwal gebou soos die foto aandui en sal nie oorloop tensy dit hewig reën nie.

Vleesbaaiers kan dus gerus wees dat die rioolsuiweringstelsel gesond en effektief werk en dat geen besoedelde water op plaasgrond oorloop nie. Die slotsom van Dr Ross se ondersoek na Vleesbaai se rioolsuiweringstelsel lui soos volg:

“The pro-active strategy of Vleesbaai Services for dealing with effluent management is a commendable and sound environmental policy. A well operated and compliant WWTP can be of considerable prestige to the community.”

VD OFFICE / **VD KANTOOR**

*The **Financial Manager** is Mr Philip Fourie and he can be contacted at 044 699 1242 (work), 086 511 6993 (fax) or* vleesbaai@iafrica.com*. Mr Callie Möller is the **Operations Manager.** His contact details are 044 699 1242 (work), 082 569 6007 (cell), 086 545 4935 (fax) and* vleesbedryf@iafrica.com*.*

Besonderhede van eienaars: Dit is baie belangrik dat eienaars enige veranderinge in hul persoonlike en kontakbesonderhede aan beide Vleesbaai Dienste (Mnr Philip Fourie) en hul aandeleblok maatskappy of huiseienaarsvereniging moet rapporteer. Veral veranderinge in e-posadresse moet aangemeld word. Dit maak die administrasie van u belange en kommunikasie met u net soveel makliker en effektiewer.

Vleesbaai groete/ *Kind regards*

Carl Serfontein
VD Sekretaris / *VD Secretary*
073 620 4155
carl.serfontein@vodamail.co.za

VLEESBAAI
VLEESBAAI DIENSTE NPC
Reg. No. 1982/009677/08